

Word weer kind op 'n
Swartland plaas

“In Koringberg is dit nie oor wat ons het nie – maar oor wat ons níe het nie: petrolpompe, verkeer, besige winkels, banke, raserige motors of parkeerwagte. Wat ons het, is oop plaaspaaie en koringlande, en ons geniet die sterre en 'n lekker Suid-Afrikaanse braai.” Só 'n uitnodiging van Vleidam Gasteplaas op Koringberg in die Swartland kon Maryke Roberts net nie weerstaan nie.

Deur Maryke Robert | Foto's Michel Dei-Cont



Die gasteplaas is pure plaas met diere, damme, wandelpaaie en vier oulike selfsorg-huisies, omring deur koringlande, en boonop lê dit net 1 km buite die dorp, sou jy gou by die kontantwinkel wou indraf vir loslekkers.

Die gasteplaas is pure plaas met diere, damme, wandelpaaie en vier oulike selfsorg-huisies, omring deur koringlande, en boonop lê dit net 1 km buite die dorp.

Selfs die rit op die N7 Koringberg toe is 'n plesier, want die Swartland is 'n lappieskombers van verskillende kleure waaraan die seisoene die heeljaar lank brei. In die somer brei die natuur verwoed in swaar, dik, swart wol, wanneer jou oog oor die renosterveld gly, voor die wolmandjie mentgroen en donkerbruin wol gepak word, as die eerste koring hul koppies bo die omgeploegde grond uitsteek. In die lente neem goudgeel en donkergroen oor as die kanola in volle blom staan, en in die laatsomer word dit vaalgeel as die koring ryp is en die koringhalms graseus in die namiddagwindjie dans.

Hier en daar sal jy op plaaspaaie wil afdraai en stop vir foto's van windpompe, damme, bloukraanvoël-paartjies en die miljoene jare oue berge wat die gebied omsom.

1. John Loxton staan in die weiding tussen sy Ngunis.
2. Gaste word met die bakkie lande toe geneem om tussen die beeste te kuier.
3. Die nuutste klein gaste-eenheid is Cottage 4.
4. Word weer kind as jy die eende en ganse kos gee.
5. Hanslammetjies word met die bottel gevoer en stadskinders kraai van plesier as hulle dié takie kan verrig.

John en Nikki Loxton van Vleidam wag my langs een van hul oulike selfsorg-huisies in. Neffens die draad wei 'n paar skape. Ganse en hoenders skrop in die grond, kwakkers swem op die klein dammetjie en in die verte staan beeste stertswaaiend tot by hul heupe in die hawer en weiding.

In die selfsorg-huisie wat hulle my wys, is daar oral blompotjies met veldblomme en bossies laventel. In die slaapkamer is die verekombers opgepof en die pootjiesbad wink kordaat met oulike Victoriaanse gietyster-pote. Op die kombuistafel staan 'n varsgebakte plaasbroodjie en in die oulike laaitjie van die tafel loer botter en ingelegde konfyt uit. Alles Nikki se handewerk. Die vuurherd is vol hout gepak en die moerkoffie se reuk ontsnap uit die potjie neffens die ketel. Alle gaste op die plaas word só verwelkom.

Ons slurp later ons moerkoffie waarin ons plaasbeskuit doop. Ek vra vir John om hul storie by die begin te gaan haal.



1.



2.



3.



4.

1. Die ou melkskuur op die plaas is volgende om opgeknop te word, maar John en Nikki sê hul kinders moet dit maar kom doen; vir nou is vier gaste-eenhede se opknappingswerk vir hulle eers genoeg.
2. Sy droom was altyd om sy eie plaas te hê en op om 57 te begin boer, natuurlik geen maklike taak nie, maar John is gelukkig en waarlik vry, vertel hy trots.
3. Die plaas het verskeie beeste, skape, eende, ganse en hoenders en gaste kry kans om met almal kennis te maak.
4. Die gaste-eenhede is langs die wieding en veekampe ingerig, wat jou waarlik die idee van plaas gee.

PRE-PLAASLEWE

“Jong, toe ek nog vlerkgesleep het by Nikki, het my skoonpa destyds vir gevra hoe my pad vorentoe lyk. Ek het toe vir hom gesê ek wil eend-ag graag my eie grond besit. Dit het my bykans 40 jaar geneem, maar hier is ons nou.”

Hulle woon nou al elf jaar permanent op die plaas. Dis nie aldag dat jy mense kry wat laat in hul vyftigerjare – wanneer ander van hul ouderdom al aan aftree dink – kom boer nie.

Nie hy óf Nikki het op 'n plaas grootgeword nie: Nikki kom van Kuilsrivier en John van Franschoek, maar om te kan boer, was in sy hart. En boonop het albei mooi kinderjare-herinneringe gehad van skoolvakansies op vriende se ouers se plase.

Voor hulle op die plaas kom woon het, het Nikki eers onderwys gegee. John het vir baie jare ander mense se tafeldruif-plase bestuur en toe vir bykans 20 jaar kunsmis in die groter Swartland verkoop. Hoewel die kunsmis-verkopery nie vir hom die lekkerste werk was nie, het hy die geleentheid gebruik om nie net waardevolle vriendskappe met boere op te bou nie, maar ook rond te kyk vir geskikte grond om sy droom van eie grond te bewaarheid. Die paartjie het hulle eerste stukkie grond op Moreesburg gekoop waarop hulle 'n paar skape aangehou en koring gesaai het.


DIE PLAASLEWE ROEP

Toe Vleidam 12 jaar terug op 'n veiling beskikbaar word, het John gedink dis die kans waarop hy gewag het. Die bod word toe egter op iemand anders toegeslaan wat die grond vir beesweiding wou gebruik. Gelukkig is daar gemoedelikheid onder die streek se boere en toe John sy wense van grond aan die boer verduidelik, kon hy 'n paar maande later die grond teen 'n baie billike prys aanskaf.

“Die geboue en die grond was verwaarloos. Die geboue wat 'n reuse skakelhuis, voerstoor, ou winkeltjie (destyds deur Joodse broers besit) en 'n melkstoor ingesluit het, dateer uit 1902, 1916, 1930 en die vyftigerjare.”

Nikki was aanvanklik glad nie opgewonde oor die skuif na die plaas nie. Sy vertel dat sy vir die hele maand ná die kooptransaksie beklink is nie kon ophou huil nie. Op daardie stadium was sy deel van 'n hegte vriendekring op die dorp saam met wie sy gaan draf en koffie gedrink het, en naweke het hulle lekker oor en weer gekuier. Sy was nie regtig lus om van vooraf met 'n projek te begin nie, en boonop nie op 'n plaas waar baie opknapping en instandhouding nodig was nie.

Maar ten spyte van haar teësin het hulle in die huis uit die vyftigs ingetrek, hul huis op Moorreesburg verkoop en in alle erns begin boer. John sê laggende dat Nikki nie regtig 'n keuse gehad het nie, “want waar ek gaan, moet sy maar saam,” maar die vrede wat hulle daar op die plaas geniet, spreek harder as sy terg.



1.



2.



3.

Sy vertel voorts: “John het na die 490 hektaar plaas begin omsien, begin ploeg en grond voorberei en gesaai. Ek het met diere begin werk. Ek het eers Landrace-varke aangehou, hulle vet gemaak en verkoop. Dis nie baie wins nie omdat jy vir hulle kos moet koop vir voer, maar dis kontantgeld wat gate toestop.

“Daarna het ek begin om kalwers aan te koop en sommer self Riv-ersdal toe gery met die sleepwa en gaan kalfies haal. Dis heerlik om met diere te werk. Dis ook lekker om te weet jou diere reken op jou en wag vir kos en versorging,” vertel sy.

Die feit dat hulle lank in die Swartland woon en die mense ken, het ook hul oorgang na die plaas vergemaklik en hulle vinniger laat tuis voel. Hulle kinders, John, Martine en Christine, het hulle ook van die begin af heelhartig en positief ondersteun. Maar Nikki vermoed dat sy dalk nie so gelukkig op die plaas sou wees as sy jonger was toe hulle plaas toe getrek het nie.

Sy voeg by dat sy glo as sy jonger was toe hulle plaas toe gekom het, sy dalk nie so gelukkig sou wees as wat sy nou is nie. Tans beoefen John wisselbou en plant elke jaar koring, lupiene en ander saaigewasse en het al selfs een jaar mosterd geplant. Hulle lewer koring aan Overberg Agri wie se silo's 'n klipgooi verder op Koringberg staan. Benewens saaigewasse het hulle ook Nguni's, heelwat Dohne en 'n kruisras van Duitse en Dorme merino's. Al hulle diere gaan vir vleisproduksie na die plaaslike abattoir.

Hul water kom uit die Misverstanddam, en al is die reënval vanjaar aansienlik laer as ander jare, is John positief dat die koring gesond sal wees. “Die grootste verskil tussen koring en ander saaigewasse en

1. Die plaas is 'n katspoegie van die dorp af en in die middel van die Swartland se koring, kanola en weiding wat deur die jaar verskillende kleure het.
2. Koringberg is 'n dorpie vasgevang in nostalgie en tyd.
3. John en Nikki se Nguni-stoet is een van die groot passies in hul lewe op die plaas.



1.



2.



3.



4.

tafeldruiwe, byvoorbeeld, is dat jy met saaiwasse meer uitgelewer is aan die natuur, omdat dit nie besproei word nie. Tafeldruiwe word besproei en is onder nette, waar jy 'n mikroklimaat skep wat jy kan beheer. Koring is nie so maklik manipuleerbaar nie," vertel hy.

John sê dat hy die uitdaging van die boerdery geniet. Geen een dag is dieselfde nie en die vars plaaslug en onbelemmerde uitsigte van die plaas oor die vallei wat teen die berge in die verte verdwyn, is kos vir sy siel. Nikki voeg by dat sy op die plaas waarlik vry voel en dat hulle die gaste wat kom oorbly, regtig geniet.

Nikki voeg by dat sy op die plaas waarlik vry voel en dat hulle die gaste wat kom oorbly, regtig geniet.

Hul boerdery-sukses skryf John toe aan konserwatiewe praktyke; hulle oorspeel nie hul hand met groot uitgawes nie. "Ons kon nie regkom by die bank met 'n lening nie en werk saam met Kaap Agri wat ons bystaan. Ek het nie die groot reserwes van ander boere wat al geslagte lank boer nie, en daarom moet ons versigtiger te werk gaan."

Hy sê die moeilikste ding vir hom is maar elke jaar om die finansies te laat gelykspeel. "Omdat die grond destyds baie verwaarloos was, was die opbrengs nie baie goed nie. Ons het 1,8 ton per hektaar geoes; nou is ons darem al by meer as 3 ton."

John sê hy wend hom gereeld tot die internet as hy vashaak met boerderysake, maar sy buurplase se eienaars is baie hulpvaardig en 'n landboukundige vriend deel ook graag sy kennis. "Verder het ek my hele lewe op plase deurgebring en mens leer baie by dié manne wat al jare lank boer. Dit wat hulle geslagte geneem het om te leer en te beproef, help jou baie in jou eie boerdery."

Hy sê verder dat hy ook baie staatmaak op sy werkers. Saam met die groei van die plaas het die drie gesinne wat op die plaas woon en werk óók gegroei. Behalwe dat die mans met die koring en diere help, is hulle vrouens nou betrokke by die selfsorg-huisies se skoonmaak en verdien hulle hul eie inkomste. Dis bemagtiging so sonder dat enigiemand dit waarlik besef of beplan het.

Buiten die boerdery, is daar natuurlik die selfsorg-huisies wat die Loxtons ook bedryf.

DIE ONTSTAAN VAN DIE GASTEHUISIES

Die Loxtons het aanvanklik besluit om eers die een gedeelte van die 1916-skakelhuis vir gasteverblyf op te knap. Die klip- en soliede kleimure wat meer as 100 jaar oud is, het natuurlik vele verrassings ingehou en vele male het hulle gewonder waarin hulle hul nou begewe het. "Ons het nie geweet waar om te begin nie: kap jy die pleister af en kom op klei af, of die vuurherd verbrokkel en jy verloor 'n dra-muur, dan is jy maar onseker oor hoe nou," onthou sy nou. Die tekenaar op Moorreesburg, Anton de Klerk, het hulle gehelp met planne en die bouwerk het begin. Sy gaan haal foto's van die restaurasieproses en ek kan sien sy is opnuut verbaas – en geniet my verbasing – oor hoe groot die ommeswaai is.

Nikki was nog altyd lief vir outydse goed en antieke meubels en het oor die jare 'n mooi versameling opgebou wat vir jare in die solder gestoor is. Sy kon dus die eerste huisie meubileer met die antieke meubels wat oor baie jare aangeskaf is of by hul ouers oorgeneem is.

John vertel dat jy in die landbou risiko's bestuur en dat hierdie selfsorg-eenhede die ideale manier is om daardie risiko's te verlaag. Hulle gebruik die opbrengs uit die verblyf-eenhede om die volgende restaurasieprojek aan te pak, en so het die vier huisies op die plaas eintlik elkeen vir homself betaal. Die vierde huisie waarin die Joodse broers 100 jaar terug gebly het en hul winkeltjie bedryf het, is pas in gebruik geneem.

Die Loxtons het gou besef dat sawwe stedelinge, buiten om te kom rus, ook die plaaslewe wil beleef. Nikki sê mense kom uit nostalgie op die plaas kuier. "Hulle het mooi herinneringe van 'n oupa of pa se plaas wat nie meer in die familie is nie en hulle wil vir hul kinders daardie herinneringe skep." Hulle neem dus mense op die bakkie na die beste

1. Hier kan jy nog jou horlosie stel aan die gereeldheid van die goederetrein wat deur die dorp ry.
2. John en Nikki lewer hul graanprodukte aan Overberg Agri se silo's op Koringberg, skaars 'n kilometer van Vleidam.
3. Van die eens bedrywige skool en gemeente is daar bitter min oor, omdat die inwonersgetalle baie gedaal het.
4. Wat is dan nou lekkerder as om by 'n algemene handelaar te gaan loslekkers koop? Hierdie is somer gerieflik in Koringberg se hoofstraat.

HITEC

in die veld en kinders kan die hanslammetjies melk gee, die eende en ganse kosgee of bloot tussen die skape rondspeel. "Soms gaan een van die klein lammetjies saam na die selfsorg-huisie en sien ons maar net hoe word daar met hulle gespeel. Die lammetjie eet later al die blommetjies in die tuin af, maar die kinders is gelukkig!" vertel hulle laggende.

Die lammetjie eet later al die blommetjies in die tuin af, maar die kinders is gelukkig!" vertel hulle laggende.

Daar is ook ander aktiwiteite in die omgewing, soos die Koringberg Staproete of die nabygeleë Misverstand Dam waar jy sonsondergang-bootvaarte kan geniet of kan gaan waterski. Op Vleidam en sy buurplase is bergfietsry, kleiduifskiet en perdry beskikbaar, en die gebied is ook op die Swartland Voëlkykroete waar jy meer as 250 verskillende voëlspesies kan sien. Dan is daar ook die Koringbedryf Museum op Moorreesburg, een van slegs twee in die wêreld, wat baie gewild onder gaste is. Verder lê Vleidam baie naby aan drie wynplase: Wildehurst Wyne in die hartjie van Koringberg en Org de Rac organiese wynplaaas en Nieuwedrift Wynlandgoed, albei op die N7.

Vleidam is deel van die Moorreesburg Toerismeburo en Nikki sê dis lekker om deel van 'n groter toerismenetwerk te wees en dat die vereniging baie goed is vir hulle.

Die plaas lê baie naby aan drie wynplase: Wildehurst Wyne in die hartjie van Koringberg en Org de Rac organiese wynplaaas en Nieuwedrift Wynlandgoed, albei op die N7.

Ek noem dat ek beïndruk is met hul kleurvolle webwerf, wat selfs die temperatuur op Koringberg aandui. Ek wonder hardop waar hulle nog daarvoor ook tyd kry. "Nee, dis goed dat jy vra. Ons dogter, Christine Koch, is baie flink met die rekenaar en sy hou ons webwerf en sosiale



media en ander bemarking by. Ons sorg net dat alles by die verblyf glad verloop," vertel hulle.

Mens wonder watter lesse hulle oor die afgelope dekade geleer het; nie net as boere nie, maar as mense. Nikki skud haar kop en lag as sy sê sy het geleer daar is altyd 'n plan B. "Hou net aan, moenie platval nie – daar is altyd 'n oplossing vir 'n probleem." Johan stem saam en sê dat hy geleer dat jy net moet begin en dinge doen. "Moenie jou te veel bekommer oor die bysake nie," sê hy.

Ry jy laatmiddag deur Koringberg om te gaan kyk waar die Overberg Agri silo's staan, waar die wynkelder is en sommer net om nostalgiese redes, laat die pragtige klein dorpie met sy mooi kerk, posagentskap en munisipaliteit – so eie aan klein dorpie – jou sommer weer soos 'n kind voel.

Kinders speel sokker in die straat aan die buitewyke van die dorp waar die teerpad grondpad word en oor die heuwels verdwyn.

Ek kyk uit oor die koppies na waar ek weet John en Nikki nou op hul stoep sit en uitkyk oor die koring en kanola. Ek hoor weer John se woorde: "Dit het my tien jaar geneem om te voel ek hoort hier so en waarlik te besef dis waar ons wou wees – en hier is ons nou gelukkig."

Vleidam Gasteplaas kan bespreek word by <https://www.vleidamguestfarm.co.za>

1. Die nuutste toevoeging tot die gastehuis-brigade is Cottage 4, wat in die ou winkeltjie en huisie wat destyds aan Jode behoort het, ingerig is.
2. Aan luuksheid is daar geen tekort in die gaste-eenhede nie. Die meubels is oor jare versamel en bring hulde aan die historiese geboue op Vleidam.
3. Jy kan tot anderkant die heuwels staar as jy lank genoeg op een van die gaste-eenhede se stoepies sit en die ure verwyf.
4. Saans as die luggie koeler word, is die binnekaggel net die plek om met 'n lekker bottel rooiwyn te ontspan.

RED-E | POWERBANKS
STAY CHARGED.

*CHARGE PHONE 6X

AGRIMARK
Available at your nearest Agrimark

CHOOSE THE RIGHT SOLUTION FOR YOUR LIFESTYLE - THE NEW COMPACT RANGE OFFERS SUPER SMALL DESIGNS WITH MAXIMUM POWER DELIVERY!

*CHARGE PHONE 3X

PERFECT FOR AN EMERGENCY OR TOP UP SOLUTION

compact
The all new RED-E range

-LIFETIME GUARANTEE-

*Phone dependant

BLOU
IS 'N 7-LETTER-WOORD.



en daardie 7-letter-woord is **Willard**.

Die nuwe beperkte uitgawe Willard® BLOU Battery is nou beskikbaar by geselekteerde afsetpunte. Koop vandag jou Willard® BLOU Battery en lewer jou bydrae om die bedreiging wat plastiek aan ons osee en strande veroorsaak, te beperk.

Willard. Die laaste woord in aansitkrag.

Beskikbaar by jou naaste



willard.co.za

